DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**26 Februarie 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Hebreërs 13: 1 - 16 |
| **Tema** | ‘n Wedergebore mens se lewe is ‘n lofoffer aan God |
| **Sang** | Psalm 107: 1, 10<br>Psalm 34: 1, 6<br>Psalm 61: 1, 4<br>Psalm 95: 1, 4<br>Psalm 92: 6, 7 |

Geliefdes, in die Ou Testament moes die volk offer. Die priesters het die diere op ’n voorgeskrewe manier doodgemaak en laat bloei, en dan op ’n altaar verbrand. Die belangrikste rede was dat die offers vir hulle sonde moes betaal by God. Dit moes hulle skuld by God wegvat, sodat hulle weer rein kon wees en met God in vrede kon leef. En so was die offerdiens van die tyd van die Ou Testament ’n baie belangrike saak, omdat dit mense gehelp het om van hulle sonde verlos te word en weer in die regte verhouding met God te kan leef.

Maar toe kom Jesus! En Hy word die Een Groot Offer vir ons almal se sonde. Hy word in die Bybel die Lam van God genoem, God se Groot Offerlam, wat vir óns sonde geoffer moes word. V 12 beskryf dit só: "Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig ('83)". Nie deur die bloed van offerdiere nie, maar deur Sy eie bloed. En so het Jesus se dood aan die kruis 'n hele nuwe tydperk laat begin.

In Heb. 13 leer ons meer van 'n nuwe offerdiens in die kerk van Jesus Christus. In v 15 word ons opgeroep tot 'n onophoudelike(voortdurende) offer van lof aan God, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. In die nuwe offerdiens speel ons lippe 'n baie belangrike rol! Dit wat op ons lippe is, kom uit ons hart wat van Bo af skoon gewas is. Ons moet die Here loof en prys op elke moontlike manier. Een daarvan is om te sing en deur sang te getuig van God se genade. En dit is so lekker om dit saam met soveel ander gelowiges in die erediens te kan doen! Maar ons lofliedere en getuienis hoef natuurlik ook nie tot die kerkgebou beperk te bly nie.

Die nuwe offerdiens in die kerk van Jesus is ook baie meer as net die offers wat ons met ons lippe kan bring. Daar is ook 'n indirekte manier om Hom te loof .

En dit is veral wanneer ons met ander mense te doen het in ons lewe en aan hulle goed kan doen. Heb 13: 16 wat ons gelees het staan so in die ’83 vertaling: “Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.” Waar ek aan ander mense goed doen, en my besittings en tyd en talente met ander deel wat dit nodig het, daar bring ek ook ’n offer aan die Here. En die vers wat ons gelees het, sê so ’n offer is vir die Here “aanneemlik.” Die ’53 vertaling het gesê dis vir God “welbehaaglik.”

## OOG VIR MEKAAR




- Ons bid vir Lana Nel en familie met haar moeder wat met kanker gediagnoseer is. Ons bede is dat ons Vader julle in die geloof sal versterk en deur die moeilike tyd sal dra.
- Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat nog herstel na die chemo. Mag jy krag ontvang om die pad saam met die Here te bly stap.
- Ons bid vir almal wat met hulle gesondheid sukkel. Mag julle die krag en bystand van die Heilige Gees ontvang om blymoedig julle kruis te dra.
- Ons vra voorbidding vir die Ouderlinge wat vandag 11 uur vergader en more aand se Breëvergadering. Mag die Heilige Gees die leiding gee om die regte besluite te neem.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 19 Feb 2023

**Diensbeurt: Wyk 9**
**Ouderling: Johan Maritz**

**Katkisasie: Les 6**
**Diaken: Peet Oosthuizen**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**26 Februarie 2023**
Dolly Geldenhuys
Christelle Grimbeeck
Analeen Grobler
Elaine Grobler

**5 Maart 2023**
Retha Grobler
Lacya Grobler
Hilda Hattingh
Magda Heinlein

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 26 Feb | 11:30 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| (So) 26 Feb | 11:30 | *Kerk* | AK vergadering |
| (Ma) 27 Feb | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadsvergadering |
| (Di) 28 Feb | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 1 Mrt | 19:00 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| (So) 26 Feb | Daleen Coetsee<br>Heinrich Grobler | 49<br>11 | B<br>D | 079 490 2678<br>071 885 8928 |
| (Ma) 27 Feb | Peter O'Reilly<br>Ruvan Weidemann | 14<br>3 | D<br>D | 082 421 6982<br>082 610 0623 |
| (Di) 28 Feb | Herman v Ree | 50 | B | 082 672 2511 |
| (Wo) 1 Mrt | **Elma Venter ****<br>Annabelle Oldewage<br>Anrike Nagel<br>Henk Holtzhauzen | **81**<br>16<br>11<br>6 | B<br>D<br>D<br>D | 082 803 4740<br>083 553 6555<br>073 949 8999<br>073 556 8971 |
| (Vr) 3 Mrt | Lian Koekemoer<br>Nadia Koekemoer | 1 | D | 082 361 2427 |
| (Sa) 4 Mrt | Nicolette Howard<br>Nantes Kotze | 66<br>58 | B<br>B | 015 297 0500<br>081 424 9651 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (So) 26 Feb 2011 | Dirk & Magda Heinlein | 12 | 076 340 9008<br>083 281 0772 |
| (So) 26 Feb 2005 | Dawie & Alfrieda Lessing | 18 | 083 627 4751<br>083 636 4057 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Februarie 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**12 Feb Dankbaarheidsfonds**~~
~~**19 Feb Emeritaatsversorgingsfonds**~~
**26 Feb GKSA Sustentasiefonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**....en op hierdie rots sal Ek my kerk bou,**
**en die magte van die doderyk**
**sal dit nie oorweldig nie.**

**Matteus 16:18**

## KONINGSKINDERSKAMP : GEMEENTE JEUG




Hiermee word u kind uitgenooi na 'n **heerlike vakansiekamp** wat aangebied word deur die **Gereformeerde en AP kerke van Polokwane.** Die kamp vind plaas vanaf **Sondag 26 Maart tot Vrydag 31 Maart 2023 en is vir kinders tussen die ouerdom van 9 en 14 jaar.**

Vir enige navrae en inskrywings **kontak gerus vir Ds Josef Hibbert by 074 172 7297 of Isobel van Wyk by 084 810 8545.**

# SUSTERSSAAMTREK 2023

Die susters van die
**Gereformeerde Kerk Pietersburg**
nooi u hartlik uit na
die jaarlikse

## Sustersaamtrek 2023

te Polokwane

## "Om weer op te staan"

**SPREKER:** Dr Gustav Gous

**DATUM:** Saterdag – 11 Maart 2023

**REGISTRASIE:** 8:00 – 8:50

**PLEK:** Bolivia Lodge
Northview Estate – Libertystraat 15 – Northview – Polokwane

**KOSTE:** R150 p.p.

**RSVP: Voor of op Maandag, 13 Februarie 2023**
Geld betaalbaar voor of op Woensdag, 1 Maart 2023

**NAVRAE:** Sr. Nelie Badenhorst
074 663 5377

*Bring asseblief kontant saam vir die jaarlikse kollekte wat opgeneem sal word vir die Vroueblad, Instituut vir Christelike Onderwys (ICO) en Bybelverspreiding.*

## DIAKENSTOERUSTING

Die diakens word herinner aan die **toerustings geleentheid op Saterdag 4 Maart 2023.**
Die geleentheid sal om 12:00 op Kareeboch Plaas by Jan-Albert Coetzee plaasvind.
**Onthou asb om 'n stoel en jou eie eetgerei, vleis en drink goed saam te bring. ONTHOU ook dat julle gades meer as welkom is en asb saam moet kom kuier.**
Verskonings moet asb gemaak word by Peet Oosthuizen op 073 057 0870.

## KATKISASIE UITSTAPPIE

Ons nooi **alle katkisante van kleuterskool tot hoërskool** om saam met hulle ouers te kom kuier **Vrydag 3 Maart van 14:00 tot 18:00 uur by Akademie Reformia se sportveld.**

Daar gaan 'n springkasteel en waterwurm wees so **bring julle swemklere en sonroom saam!**

**Ons gaan ook heerlike worsbroodjies braai.**



Skryf asseblief jou naam op die lys agter in die portaal as jy dit graag wil bywoon.

**Hoop om almal daar te sien!**


# PRETDRAF BY AKADEMIE REFORMIA




# BERNICE WEST BY AKADEMIE REFORMIA



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Laat ons Sout & Lig**
**in hierdie wêreld wees**

**Ps 23 (Vervolg)**
**Gee vir mense Ps23 om hul op te beur.**

**Verkwikking:** Die Here gee my lig en nuwe krag.

**Leiding:** Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil



## Ps 23

**Vertrou:** Al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie.

**Toevlug:** Want U is met my

**Vertroosting:** U stok en staf, die vertroos my

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



# Praat saam....

**Kom ons word 'n biddende gemeente, wie vir mekaar en ander bid.**

**Vir wie het jy hierdie week gebid?**

- **Is daar iemand wat jy raak gesien het wat jy aan die Here opgedra het.**
- **Bid vir die een: wat op die hoek staan, wat huil, wat vol hoogmoed is.**



# Praat saam....

**Fil 4:6**
**Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*Laat ons dan deur Hom voortdurend 'n lofoffer aan God bring – dit is die vrug van lippe wat sy Naam saam bely. En moenie versuim om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want God het behae in sodanige offers.*

*Hebreërs 13: 15 - 16*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**